| | |
|---|---|
| Titel: | Ek is vol vrymoedigheid / sekerheid / selfvertroue |
| Pastor: | Fred May |
| Datum: | 20 Februarie 2011 |
| Tyd: | 09:00 |

shofar

**Hebreërs 10:35 OV**
35 Werp dan jul vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie...

**Hebrews 10:35 AMP**
35 Do not, therefore, fling away your fearless confidence, for it carries a great and glorious compensation of reward.

## a: Behoefte aan

**Spreuke 3:25-26 OV**
25 Jy hoef nie bang te wees vir 'n skielike skrik of vir die ondergang van die goddelose as dit kom nie;
26 want die HERE sal jou vertroue wees, en Hy sal jou voet bewaar vir die strik.

(i) Risiko, uitdaging, gevaar, konflik, konfrontasie
(ii) Inspireer hoop, uithouvermoë, vertroue, lojaliteit, liefde, moed, innovering

## b: Vals selfvertroue

Gebaseer op TROTS – waarneming / beskouing van self en ander t.o.v. uniekheid; status; agtergrond; ideologie; projeksie, ens.

**Filippense 3:3-4, 7-8**
3 Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem
en nie op uiterlike dinge vertrou nie. 4 Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen
dat hy **op uiterlike dinge kan vertrou**, ek nog meer:
7 Maar wat eers vir my 'n bate was, **beskou ek nou as waardeloos** ter wille van Christus, 8 ja, nog
meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry

## c: Goddelike selfvertroue

Gegrond op ROEPING

**Genade** – soewereine keuse en afsondering

**Hebreërs 3:1**
1 Daarom, broers wat vir die Here afgesonder is en **deelgenote is van die hemelse roeping**, moet julle noukeurig let op Jesus ...

**Galasiërs 1:15**
15 Maar God het **my** al voor my geboorte **vir Hom afgesonder**, en Hy het my in sy genade **geroep**. Toe Hy in sy goedheid besluit het

**Krag**

**II Timotheus 1:12**
12 ... **want ek weet op wie ek vertrou**, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou.

**Judas 24**
[24] Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle onbevlek en met vreugde sy heerlikheid te laat aanskou ...
**Romeine 11:29 OV**
[29] Want die **genadegawes** en die **roeping** van God is onberoulik.

Skeppingsdoel

**Filippense 1:6**
[6] Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

**II Timotheus 1:9**
[9] Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het.

Behorentheid

Dienswilligheid

**Handelinge 27:22-24**
[22] Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed! Niemand van julle sal sy lewe verloor
nie. Net die skip sal vergaan. [23] Verlede nag het daar 'n engel aan my verskyn van die **God aan wie
ek behoort en wat ek dien**. [24] Die engel het vir my gesê: 'Moenie bang wees nie, Paulus. Jy moet
nog voor die keiser verskyn. En ter wille van jou spaar God in sy goedheid die lewe van almal wat hier
saam met jou op die skip is.'

Openbaring

**Johannes 6:11-14,35** (–die 7 "Ek is"-verklarings)
[11] Daarna het Jesus die brood geneem, God daarvoor gedank en dit uitgedeel aan die mense wat daar
gesit het, en net so ook soveel van die vis as wat hulle wou hê. [12] Nadat die mense versadig was, sê
Hy vir sy dissipels: "Maak die stukke bymekaar wat oorgebly het sodat daar niks verlore gaan nie." [13]
Hulle het dit toe bymekaargemaak. Daar was twaalf mandjies vol met die stukke wat van die vyf
garsbrode oorgebly het nadat die mense klaar geëet het. [14] Toe die mense die wonderteken sien wat
Jesus gedoen het, het hulle gesê: "Hy is werklik die Profeet, die Een wat na die wêreld toe moes
kom."
[35] Maar Jesus sê vir hulle: "**Ek is die brood** ...

- **Bring ons in die 'rus' in**

  **Mattheus 11:28**
  [28] Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.

  **Johannes 5:17, 19-20**
  [17] Maar Jesus het Hom teen hulle verweer: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook."
  [19] Toe het Hy Hom verweer en vir hulle gesê: "Dít verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie
  doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die
  Seun ook net so. [20] Die Vader het die Seun lief en wys Hom alles wat Hy doen; en Hy sal Hom
  nog groter dade as hierdie wys, sodat julle verbaas sal staan.

- **Bring ons in God se orde in**

  **Mattheus 8:8-9**
  [8] Maar die offisier sê: Here ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie. Sê maar net 'n woord,
  en my slaaf sal gesond word. [9] Ek is ook **'n mens wat onder gesag staan** en ek het soldate onder
  my. Vir een sê ek: 'Gaan daarheen!' en hy gaan; en vir 'n ander: 'Kom!' en hy kom; en vir my
  slaaf: 'Doen dit!' en hy doen dit."

**Johannes 4:34**
[34] Maar Jesus het vir hulle gesê: "My voedsel is om **die wil te doen van Hom** wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi.

**Johannes 6:38**
[38] Ek het van die hemel af gekom **nie om my wil te doen nie**, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

- Oorwinning oor veroordeling

**Openbaring 12:11**
[11] En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam...

**I Johannes 2:28**
[28] En nou, my kinders, bly in Hom, **sodat ons vrymoedigheid kan hê** wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie.

**Hebreërs 10:19-22**
[19] Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus [20] op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, [21] en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, [22] laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete...

- Gees van profesie

**Openbaring 19:10b**
[10] Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die **gees van die profesie**

**I Samuel 17:46-48**
[46] Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan en jou kop van jou lyf afkap. Dan sal ek vandag nog die lyke van die Filistynse laer vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee, sodat die hele wêreld kan besef dat Israel 'n God het. [47] Dan sal hierdie hele skare besef dat die Here nie deur swaard of spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die Here behoort en dat Hy julle in ons mag oorgee." [48] Toe die Filistyn regmaak en nader kom om **Dawid te ontmoet, het Dawid die Filistyn vinnig op die vegterrein tegemoet gehardloop.**

d: Omhels jou sterkte

- In stilwees en vertroue lê jou krag

**Jesaja 30:15**
[15] Want so sê die Here HERE, die Heilige van Israel: In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertroue bestaan julle krag ...

- Worstel met onsekerhede, in God se krag

**II Petrus 1:10**
[10] Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.

- Streef die heerlikheid van jou roeping na

**Efesiërs 4:1**
[1] Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is.